



Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys



BEDRYFSBATEBESTUUR VAN 'N GROEIENDE ONDERNEMING: 'n Gevallestudie

Johannes Jeremias Nel

B. Com.


Skripsie voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes van die Magistergraad in
Bedryfsadministrasie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. GJ de Klerk

Potchefstroom

1998

BEDRYFSBATEBESTUUR
van 'n
GROEIENDE ONDERNEMING:
'n Gevallestudie



Johannes Jeremias Nel

B. Com.

**Skripsie voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes van die Magistergraad
in Bedryfsadministrasie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan
die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Studieleier: Prof. GJ de Klerk

Potchefstroom

1998

DANKBETUIGING

Wanneer 'n persoon 'n MBA studie aanpak, is jy nooit die enigste wat daardeur geraak word nie. Dit is dus onmoontlik om hierdie studie af te handel, sonder om 'n spesiale woord van dank aan die volgende persone uit te spreek:

- Ons Groot Leidsman, wat my die krag, leiding, insig en deursettingsvermoë geskenk het.
- Mari-Han, dankie vir jou, vir die volgehoue ondersteuning, aanmoediging en bystand.
- Han-Mari, my dogtertjie wat altyd so geduldig moes wees.
- My ouers en skoonouers, vir ondersteuning en aanmoediging.
- My studieleier, professor Deon de Klerk, vir leiding en geduld.
- Christa Oosthuizen, vir die taalkundige versorging en Elmarie Jooste, vir die tik van die skripsie.
- Lambert van der Nest en Envirogreen, wat my die geleentheid gegee het om hierdie studie te voltooi.

ABSTRACT

The cheapest money available to finance the development and expansion of your business is to be found within your business itself. It costs nothing to locate, but requires effort, self-discipline and good management to realize and maintain the necessary capital.

The management of current assets is an essential element of the financial management of a company. Current-asset-management plays an important role to assure survival of a company when growing fast.

This report describes a case study of a specialist rehabilitation company, *Envirogreen* Pty. Ltd.. The aim of this study is to show that the management of bank, debtors, creditors and growth is important to ensure a solid financial platform, from which future opportunities can be captured. The sales of *Envirogreen* have grown at an average rate of 160% since 1993/94.

Innovative ways to speed up the collection of money from debtors, and management of suppliers, to yield a positive bank balance, were investigated. The financial statements for the period of 1993/94 – 1997/98 was analyzed and is explained.

The major conclusions reached are described in the final chapter, along with suggestions to improve financial management within Envirogreen. The concluding chapter is followed by a glossary of terms.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING.....	(i)
ABSTRACT.....	(ii)
INHOUDSOPGAWE.....	(iii)
LYS VAN FIGURE EN TABELLE.....	(vi)

HOOFSTUK 1 AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE

1.1	INLEIDING.....	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING.....	1
1.3	DOEL VAN DIE STUDIE.....	2
1.4	VERWYSINGSRAAMWERK.....	2
1.5	OMVANG VAN DIE STUDIE.....	2
1.6	NAVORSINGSMETODIEK.....	3
1.7	BEGRIPSOMSKRYWING.....	3
1.8	AKTUALITEIT.....	5
1.9	VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE.....	5

HOOFSTUK 2 DIE BEDRYFSOMGEWING VAN ENVIROGREEN EN DIE TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE BESTUUR VAN BEDSRYFSBATES

2.1	INLEIDING.....	6
2.2	MAATSKAPPY GESKIEDENIS.....	6
2.2.1	Heydenrych & van der Nest (1993 – 1997).....	6
2.2.2	Envirogreen (1997 -)	7
2.2.3	Visie van Envirogreen	7
2.2.4	Missie van Envirogreen.....	7
2.2.5	Logo.....	8
2.3	WAARDESTELSEL VAN ENVIROGREEN.....	8
2.3.1	Die waardes van Envirogreen	8
2.4	FINANSIële BESTUUR VAN 'N MAATSKAPPY.....	9
2.4.1	Die finansiële bestuursproses.....	10

2.4.1.1	Inleiding.....	10
2.4.1.2	Finansiële beplanning	10
2.4.1.3	Finansiële beheer.....	10
2.5	DIE BESTUUR VAN BEDRYFSBATES	10
2.5.1	Inleiding.....	10
2.5.2	Kontantbestuur	11
2.5.2.1	Inleiding.....	11
2.5.2.2	Aktiwiteit van kontantbestuur	12
2.5.2.3	Kontantvloeibegroting.....	13
2.5.2.3.1	Kontantuitvloei	13
2.5.2.3.2	Kontantinvloei.....	13
2.5.2.4	Surplus-kontant-investering.....	14
2.5.3	Debiteurebestuur	15
2.5.3.1	Inleiding.....	15
2.5.3.2	Faktore wat die omvang van debiteure beïnvloed.....	16
2.5.3.3	Debiteure-invorderingsbestuur.....	17
2.5.4	Krediteurebestuur.....	18
2.5.4.1	Inleiding.....	18
2.5.4.2	Krediteure-betalingstermyn.....	18
2.5.4.3	Onderhandeling met krediteure.....	18
2.5.5	Voorraad.....	19
2.6	SAMEVATTING.....	19

HOOFSTUK 3 LITERATUURSTUDIE EN ONTLEDING VAN BRONDOKUMENTE

3.1	INLEIDING.....	20
3.2	BESTUUR VAN 'N VINNIG-GROEIENDE MAATSKAPPY	20
3.2.1	Inleiding.....	20
3.2.2	Entrepreneuriese bestuur.....	20
3.2.3	Professionele bestuur.....	21
3.2.4	Verskuiwing na professionele bestuur.....	21

3.2.5	Bestuur van groei	22
3.3	GROEI IN ENVIROGREEN	23
3.3.1	Groei in verkope	23
3.3.2	Groei in netto wins	24
3.3.3	Groei in menslike hulpbronne	24
3.4	DEBITEUREBESTUUR	25
3.4.1	Inleiding	25
3.4.2	Die groei in debiteure	26
3.4.3	Debiteure-invorderings	26
3.4.4	Formule vir die berekening van debiteure-invorderingstermyn	27
3.4.5	Debiteure-invorderingstermyn	27
3.5	DIVIDENDE	28
3.5.1	Dividendbeleid	28
3.6	KONTANTBEGROTING	28
3.7	VOORRAAD IN ENVIROGREEN	29
3.8	KREDITEUREBESTUUR	30
3.8.1	Inleiding	30
3.8.2	Krediteure-betalingsbeleid	30
3.8.3	Hoe word krediteure geteiken?	30
3.8.4	Waarvoor word daar onderhandel?	30
3.8.5	Krediteure-betalingstermyn van Envirogreen	31
3.9	VERHOUDINGSANALISE	31
3.9.1	Likiditeit	31
3.9.1.1	Bedryfskitaalverhouding	31
3.9.2	Winsgewendheid	32
3.9.2.1	Opbrengs op totale bates	32
3.9.2.2	Opbrengs op ekwiteit	33
3.10	FINANSIële BESTUUR IN ENVIROGREEN	34
3.11	SAMEVATTING	35

HOOFTUK 4 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN

AANBEVELINGS

4.1	INLEIDING	36
4.2	SAMEVATTING	36
4.3	GEVOLGTREKKING	37
4.4	AANBEVELINGS	38
4.5	SLOTOPMERKINGS	40

BIBLIOGRAFIE	41
---------------------------	-----------

BYLAE	44
--------------------	-----------

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1

Bestuur van kontant	12
---------------------------	----

Figuur 2.2

Debiteurebestuur	15
------------------------	----

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1

Groei in verkope	6
------------------------	---

Tabel 3.1

Groei in verkope	23
------------------------	----

Tabel 3.2

Groei in netto wins	24
---------------------------	----

Tabel 3.3	
Groei in permanente personeel.....	24
Tabel 3.4	
Groei in debiteure.....	26
Tabel 3.5	
Debiteure-invorderingstermyn.....	27
Tabel 3.6	
Krediteure-betalingstermyn.....	31
Tabel 3.7	
Bedryfskapitaalverhouding.....	32
Tabel 3.8	
Opbrengs op totale bates.....	33
Tabel 3.9	
Opbrengs op ekwiteit.....	34

HOOFTUK 1

AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die goedkoopste geld wat 'n onderneming ooit sal bekom, is in die besigheid self. Dit kos niks om te vind nie, maar dit vereis 'n groot poging ... selfdisipline en goeie bestuur. Selfs in voorspoedige tye is dit goeie praktyk om kontant en bedryfsbates te bestuur. In tye van ekonomiese onsekerheid, is die bestuur van bedryfsbates essensieel om oorlewing te verseker.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING

Na die 1994-algemene verkiesing, is Suid-Afrika se ekonomie getref met meer en meer individue/ entrepreneurs enersyds, as gevolg van regstellende aksie, of andersyds as gevolg van onsekerheid oor die toekoms. Wat kommerwekkend van bogenoemde is, is dat insolvensies tot dieselfde mate toegeneem het (Cilliers, J. 1998). Dit kan aan twee faktore toegeskryf word, naamlik:

- Die verkeerde mark/ produk is betree
- Onvoldoende finansiële / kontantbestuur is toegepas

In dit wat volg, sal daar gepoog word om 'n uittreksel te gee van 'n maatskappy wat binne vyf jaar met 'n omset van R300 000 (1994) tot 'n omset van R13,5m (1998) gegroei het. In samehang met ander bestuursbeginsels, is bedryfsbatebestuur, met spesifieke verwysing na kontantbestuur, toegepas. Dit kan aangegee word as een van die redes vir die huidige, gesonde finansiële posisie in die maatskappy.

Die rede waarom hierdie studie onderneem word, is om die belangrikheid van bedryfsbatebestuur in 'n groeiende onderneming aan te dui.

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

In die studie word gepoog om aan te dui dat die bestuur van bedryfsbates, 'n essensiële element van die bestuursproses van 'n maatskappy is. Bedryfsbatebestuur speel 'n belangrike rol in die vooruitgang en groei van 'n maatskappy. Daar word meer spesifiek aan die volgende aandag gegee:

- kontantbestuur,
- debiteurebestuur,
- krediteure en
- die impak van groei op kontantvloei.

1.4 VERWYSINGSRAAMWERK

Envirogreen (voorheen Heydenrych & Van der Nest) is 'n privaat maatskappy wat spesialiseer in die rehabilitasie van ekologies-versteurde terreine. Sedert die ontstaan in 1993, het die maatskappy uitgebrei deur 'n kombinasie van professionele kundiges en 'n operasionele span.

In Januarie 1996 het *Fraser Alexander Tailings (Edms) Bpk*, 'n volfiliaal van *Fraser Alexander Bpk*, 'n belang van 50% in *Envirogreen* gekoop. Die hoofdoel van die "verdeling" van eienaars, was om 'n strategiese passing te bewerkstellig. Hierdie alliansie het ook aan *Envirogreen* toegang tot 'n uitgebreide distribusienetwerk verskaf. Die verandering in aandeelhouing het ook tot gevolg gehad dat *Envirogreen*, met nog meer verantwoordelikheid, fondse moet bestuur, aangesien dit nou deel van 'n genoteerde groep maatskappye is.

1.5 OMVANG VAN DIE STUDIE

In die studie sal daar gekyk word na:

- Bedryfsbates → Bank en kontant
Debiteure
- Bedryfslaste → Krediteure

- Dividende → Beleid

1.6 NAVORSINGSMETODIEK

Daar sal van 'n literatuurstudie gebruik gemaak word om twee redes:

- Alle inligting/ bronne word as konfidensieel beskou;
- Die studie (gevallestudie) is beperk tot *Envirogreen* omdat slegs *Envirogreen* (*Heydenrych & Van der Nest*) se finansiële state vir analyses gebruik sal word.

Ter aanvulling tot die literatuurstudie sal daar informele gesprekke gevoer word met:

- Maatskappy ouditeure
- Bankbestuurder
- Besturende Direkteur (stigter)
- Akademici

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

- **Beleggings**

Beleggings is die oordrag van koopkrag (fondse) aan derdes vir die aankoop van finansiële bates (geldvorderinge byvoorbeeld effekte) met die doel om daaruit 'n inkomste of opbrengs (gewoonlik rente en dividende) te verkry oor 'n toekomstige periode (langtermyn, mediumtermyn, korttermyn) met die inagneming en aanvaarding van die risiko daaraan verbonde (Lambrechts, Reynders & Scheurkogel, 1990:5).

- **Verhandelbare effekte**

Dit verwys na verhandelbare finansiële bates wat die karaktereienskappe het van korttermyn hoë likiditeit en lae risiko beleggings wat mededingende markverwante koerse oplewer (Jones, 1992:232).

- **Dividende** (“dividends”)

Dividende is die betaling aan aandeelhouders uit die maatskappy se netto inkomste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders. Die aandeelhouders is slegs op 'n dividend geregtig as dit deur die direksie verklaar is (Van Horne, 1995:318).

- **Voorraad** ("inventory")

Dit verwys na items wat gehou word om in die normale verloop van die besigheid, aan kliënte verkoop te word. Dit kan ook items wees wat gehou word om self gebruik te word in produksie van die produk of diens wat aan die klient verkoop word (Diamond, 1994:g9).

- **Geldmark** ("money market")

Dit verwys na die mark, fisies en abstrak, waar die vraag en aanbod van korttermynfondse bymekaargebring word of mekaar ontmoet (Pinches, 1990:777).

- **Risiko**

Dit verwys na die waarskynlikheid dat die toekomstige werklike uitkoms sal verskil van dit wat verwag is (Jones, 1992:42).

- **Debiteur** ("debtor")

'n Debiteur is 'n persoon (instansie) wat 'n som geld aan 'n ander persoon (instansie) of rekeningkundige entiteit verskuldig is. Die bedrag is betaalbaar op versoek of op 'n vooraf ooreengekome tydstip (Schall & Haley, 1991:640).

- **Krediteur** ("creditor")

Uit 'n rekeningkundige oogpunt is dit 'n persoon of instansie aan wie geld verskuldig is vanaf die kant van die rekeningkundige entiteit (Ross, Westerfield & Jaffe, 1996:871).

- **Kontantvloei** ("cashflow")

Kontantvloei is die bedrag geld wat deur 'n aktiwiteit oor 'n periode gegenereer of verbruik is (Gallinger, 1991:596).

- **Kontantbegroting** ("cash budget")

Dit is 'n vooruitskating van kontantontvangstes en uitbetalings van 'n rekeningkundige entiteit oor 'n toekomstige periode. Dit word saamgestel uit vier elemente: kontantontvangste; kontantuitbetalings; netto verandering in kontant vir 'n periode en die finansieringsbehoefte (Keown, 1994:g2).

- **Bedryfsbates** ("current assets")

Bedryfsbates is toeganklike kontant of ander bates waarvan in die normale verloop van sake verwag kan word om in kontant omgeskakel te kan word óf gebruik te kan word in die generering van inkomste binne die bestek van een jaar (Van Horne, 1995:359).

1.8 AKTUALITEIT

Voordat enige onderneming suksesvol kan wees, moet 'n samestelling van verskeie faktore teenwoordig wees. Hierdie faktore sluit in:

- die regte produk of diens,
- 'n mark vir die produk of diens,
- leier ("jockey") wat die onderneming bestuur en
- die bestuur van finansies (bedryfsbates).

Hierdie skripsie word gewy aan die bestuur van bedryfsbates met spesifieke verwysing na kontantbestuur.

Die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie is vandag nog meer afhanklik van die vestiging van nuwe ondernemings as ooit te vore. Sonder die korrekte bestuur van hulpbronne kan belowende ondernemings in 'n vroeë fase van die lewensiklus tot niet gaan.

1.9 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

HOOFSTUK 2

Teoretiese begronding en die omgewing waarin die studie gedoen sal word.

HOOFSTUK 3

Literatuurstudie en ontleding van brondokumente.

HOOFSTUK 4

Gevolgtrekking, samevatting en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

DIE BEDRYFSOMGEWING VAN ENVIROGREEN EN DIE TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE BESTUUR VAN BEDRYFSBATES

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig gegee oor die bedryfsomgewing van 'n onderneming wat omgewingsrehabilitasie op ekologies-versteurde terreine doen. Die teoretiese beginsels van bestuur word gebruik om aan te dui dat bedryfsbatebestuur in die normale sake-aktiwiteite aan basiese bestuursbeginsels moet voldoen.

2.2 MAATSKAPPY GESKIEDENIS

2.2.1 Heydenrych & Van Der Nest (1993 – 1997)

Bykans ses jaar gelede het twee entrepreneurs, Heydenrych en Van der Nest, 'n spesialis omgewingsrehabilitasie maatskappy gestig.

Volgens Anon (1997:45) en Anon (1997:36) besit die maatskappy alreeds die grootste marktaandeel in die omgewingsrehabilitasie mark van Suid-Afrika. Die maatskappy is steeds besig om eksponensieel te groei met 'n groot aantal geleenthede van ander marksegmente binne en buite Suid-Afrika.

Tabel 2.1: Groei in verkope

<u>Tydperk</u>	<u>Groei (R)</u>	<u>Groei %</u>
1993/94 - 1994/95	R 388 577	112%
1994/95 - 1995/96	R 1 769 933	240%
1995/96 - 1996/97	R 5 460 786	218%
1996/97 - 1997/98	R 5 483 980	69%

Bron: (Finansiële jaarstate 1994 – 1998)

Heydenrych en van der Nest (Edms) Bpk is in Oktober 1995 deur **Fraser F Alexander Tailings (Edms) Beperk** genader om alle rehabilitasie kontrakte oor te neem in ruil vir 'n belang van 50%. Hierdie diversifikasie-strategie het 'n strategiese passing tussen die nuutgevormde maatskappy en die res van die **Fraser Alexander-groep** se ondernemings bewerkstellig.

2.2.2 Envirogreen (1997 -)

Heydenrych en Van der Nest het gedroom om 'n wêreldklas omgewingsrehabilitasie diens aan plaaslike en internasionale myne, industrieë en owerhede te lewer. Hierdie droom het waar geword in 'n maatskappy wat bekend staan as **ENVIROGREEN (EDMS) Bpk**.

2.2.3 Visie van Envirogreen

Met die visie "*Greening the world's waste and tailings*", is die naam *Envirogreen* die voertuig om oor kulturele- en landsgrense heen 'n omgewingsrehabilitasie diens van wêreldgehalte te lewer.

Die visie "*Greening the world's waste and tailings*" behoort vir elke betrokke party (werknemer/ kliënt) genoeg inhoud te gee om te weet waarheen die maatskappy oppad is. "*Greening*" impliseer om dit wat ekologies versteur is, ten volle te herstel soos wat dit oorspronklik was. "*World's*" beteken vir elke werknemer sy totale streek/ geografiese gebied en vir die maatskappy geselekteerde dele in die wêreld, soos wat dit in die bemarkingstrategie geteiken is.

2.2.4 Missie van Envirogreen

"Missie" is die "voertuig" wat die maatskappy gaan gebruik om die visie te bereik.

"To provide professional value amplified, cost effective and scientifically based environmental rehabilitation solutions".

2.2.5 Logo



Die maatskappy glo dat die logo, tesame met die maatskappy naam, deel vorm van die totale korporatiewe identiteit en bemarkingsinstrumente. Deur die missie uit te leef, sal daar 'n bepaalde inhoud aan die logo gegee kan word.

Die logo van *Envirogreen* het die volgende betekenis:

- Die "e" dui op *Envirogreen* of "Environment"
- Die spiraal wat om die "e" vorm, dui op groei, dinamika en hernuwing (recycling)
- Die punt wat met 'n pyl afgesluit word, dui aan dat die rehabilitasie proses nog lank nie klaar is nie en dat daar voortdurend na hoër en beter gestrewe word
- Die belangrikste is die feit dat die logo in aanhalingstekens is. Dit dui daarop dat die maatskappy 'n stelling wil maak. Die aanhalingstekens lyk ook soos druppels wat daarop dui dat water ook deel van die proses is.

2.3 WAARDESTELSEL VAN ENVIROGREEN

Die bestuur is van mening dat indien elke werknemer die waardes van die maatskappy internaliseer en uiteleef, hoef daar nie noodwendig 'n reëlboek teenwoordig te wees nie (Van der Nest, 1998). Daar is op vier kernwaardes ooreengekom wat die kern van *Envirogreen* se kultuur sal vorm. Die waardestelsel sal *Envirogreen* instaat stel om in 'n wêreldgehalte maatskappy te ontwikkel.

2.3.1 Die waardes van Envirogreen:

- **Professionaliteit** - uit die maatskappy se verwysingsraamwerk, impliseer dit dat 'n werknemer se optrede onberispelik in alle opsigte moet wees. Voorbeelde daarvan

is foutlose verslae wat op die ooreengekome tyd die bestemming sal bereik, dat werknemers en hul voertuie altyd netjies sal wees en dat daar met integriteit opgetree sal word.

- **Dringendheid** - geeneen van die werknemers mag aan die "môre-is-nog-'n-dag" sindroom ly nie. Sperdatums is daar gestel om nagekom te word en elkeen moet poog om dit te alle tye te haal.
- **Innovasie** - die maatskappy glo dat deur innoverend te wees, kan die mededingende voordeel behou/ behaal word. Innoverend beteken nie net om met nuwe tegnologiese wonders vorendag te kom nie, maar om bestaande tegnologie op ander wyses aan te wend, sodat beter oplossings verkry kan word.
- **Mensgesentreerd** - die maatskappy besef dat sukses slegs deur mense behaal kan word en dat werknemers nie bloot produksiemiddele is nie. Om hierdie rede is daar maandeliks verskillende temas wat behandel word om werknemers se karakter te ontwikkel en werknemers sodanig te ontwikkel dat elkeen onafhanklik kan funksioneer.

Bykomend bied **Envirogreen** ook aan kliënte 'n diens in terme van die samestelling van 'n kommunikasiestrategie. Die kliënt word in staat gestel om op 'n professionele en wetenskaplike wyse met die publiek, omgewingsbesorgdes en die sosiale gemeenskap te kommunikeer oor aspekte met betrekking tot die omgewing.

2.4 FINANSIËLE BESTUUR VAN 'N MAATSKAPPY

In die meeste ondernemingsbesluite is daar finansiële implikasies wat 'n invloed op meer as een funksie het. Die moderne onderneming kan onmoontlik sonder 'n selfstandige finansiële afdeling funksioneer. Kennis van finansies is ook in niefinansiële bestuur van belang, aangesien dit hulle instaat stel om hierdie kennis toe te pas in die onderskeie funksies waarvoor hulle verantwoordelik is.

Finansiële bestuur behoort ook betrek te word in daardie gevalle waar daar beweging van kontant ontstaan. Dit is kontantvloei wat 'n invloed op finansiële resultate kan hê

en nie noodwendig die metodes en prosedures van ander funksies nie (Lambrechts red., 1990:31; Weston en Brigham, 1980:8).

2.4.1 Die Finansiële Bestuursproses

2.4.1.1 Inleiding

Die finansiële bestuursproses is 'n voortdurende kringloopproses van beplanning, organisasie, bevelvoering, koördinasie en beheer. In die finansiële omgewing, beteken die beplanning en beheerproses die besinning oor vraagstukke rakende investering en finansiering.

2.4.1.2 Finansiële beplanning

Finansiële beplanning gaan om die ondersoek en samestelling van die verskillende kapitaalbehoefte asook die samestelling van bates. Verder behels dit die probleem van kapitaalvoorsiening en die samestelling van die onderneming se laste (Brigham & Capenski, 1994:659).

2.4.1.3 Finansiële beheer

Finansiële beheer is reël van aard en beheer die werklike gebruik van kapitaal. Dit behels die volgende:

- die bepaling van standaarde
- die bepaling van die afwykings tussen die werklike prestasie en die standaarde
- die beoordeling en vertolking van die afwykings en die neem van regstellende stappe (Lambrechts, 1990:12-14; Schall & Haley, 1991:10-11).

2.5 DIE BESTUUR VAN BEDRYFSBATES

2.5.1 Inleiding

Die kern van *Envirogreen* se bedryfsbates/laste is:

- Debiteure

- Bank en kontant
- Krediteure
- Dividende

Vir die doel van die studie sal slegs die bogenoemde bedryfsbates plus voorraad bespreek word:

2.5.2 Kontantbestuur

2.5.2.1 Inleiding

Chandra (1992:232) beskryf kontant as die mees likiede vorm van geld wat gebruik word om alle transaksies, bates en verpligtinge te kwantifiseer. Kontant kan gesien word as die begin en die einde van 'n bedryfsiklus en word as die aktiefste bate in 'n onderneming beskou.

'n Onderneming se kontantposisie is 'n kritiese element in die bedryf van sy aktiwiteite wat voortdurend kontant nodig om sy verpligtinge betyds na te kom. Die onderneming kan in 'n ernstige finansiële krisis beland indien die beskikbaarheid van kontant benede die behoefte daal.

Lehmeck (1984:11-18) wys daarop dat die bedryfsaktiwiteite van verskeie ondernemings van die Verenigde State van Amerika wat bankrot gespeel het, jare voor bankrotskap meer kontant geabsorbeer het as wat gegenereer is.

Dit is egter nie altyd maklik om die vloei van kontant binne 'n onderneming te verstaan nie. Kontant word voortdurend gegenereer en bestee. Dit bemoeilik die bepaling van spesifieke kontantposisies.

Een manier om kontantvloei te verstaan, is om al die aktiwiteite wat verskillende kontant affekteer, te ontleed as komponente in die kontantvloeisiklus van die onderneming.

Volgens Hamman *et al* (1989:2) is die ontleding van die kontantvloeisiklus om te bepaal of daar voldoende kontant by die verskillende bedryfsaktiwiteite gegenereer word vir die nakoming van kontantvloei-verpligtinge.


Dit verskaf verdere inligting ten opsigte van toekomstige optrede deur die bestuur. Waar 'n swak kontantvloei in bedrywighede geïdentifiseer word, is vinnige en effektiewe optrede deur die bestuur noodsaaklik.

2.5.2.2 Aktiwiteit van kontantbestuur

Kontantbestuur verwys na 'n kombinasie van aktiwiteite. Die kombinasie bestaan uit:

- Bespoediging van invordering van debiteure terwyl uitgawes beheer word
- Die bepaling van kontantbehoefte(s)
- Vooruitskattings (begrotings)
- Effektiewe investering van surpluskontant

Figuur 2.1 Bestuur van kontant



Jones (1992: 234)

Bostaande figuur verwys na 'n basiese kontantbestuurs-aktiwiteit wat saamgestel is uit verskeie nouwerwante komponente. Soos die linkerkant van die diagram aandui, kan kontant vinniger gegenereer word deur uitstaande ontvangstes vinniger in te vorder en kontantuitgawes te beheer. Dit is belangrik dat bogenoemde binne perke geskied sodat dit nie die operasionele vermoë van die maatskappy beïnvloed nie.

Deur kontant in- en uitvloei te beheer, stel dit die finansiële bestuurder instaat om die kontantbehoefte te bepaal as deel van sy kontantvloei-begroting. Die kontantbegrotingsproses laat die finansiële bestuurder toe om die maandelikse vlakke van kontantvloei van die maatskappy te bepaal.

Die optimale kontantvlak kan uit die kontantbegroting bepaal word. Dit is ook 'n aanduiding van die beheer wat toegepas moet word by kontant in- en uitvloei. Die optimale kontantvlak dui aan wanneer surplus-kontant vir verdiende bates omskep moet word en wanneer eksterne finansiering benodig sal word.

2.5.2.3 Kontantvloei-begroting

Volgens Ross *et al* (1996:712) is die kontantbegroting 'n instrument om korttermynbeplanning te doen. Die kontantvloei-begroting stel die finansiële bestuurder in staat om korttermyn finansiële behoeftes en geleenthede te identifiseer. Dit dui aan wanneer en hoeveel geld geleen sal moet word.

2.5.2.3.1 Kontantinvloei

Kontantinvloei ontstaan uit ontvangste van kliënte vir produkte of dienste gelewer. Dit verteenwoordig kontantontvangste vanaf kliënte wat op krediet gekoop het, en ontvangste van kliënte wat kontant betaal vir produkte of dienste (Diamond *et al.*, 1994:681).

2.5.2.3.2 Kontantuitvloei

Volgens Ross *et al* (1995:559) kan kontantuitvloei in die volgende kategorieë verdeel word:

- Betaling van krediteure vir goedere en dienste gelewer
- Lone, salarisse, belasting en ander uitgawes (alle uitgawes in die normale besigheidsiklus)
- Kapitaaluitgawes - betaling in kontant van bates met 'n lang leeftyd
- Langtermynfinansiering - hierdie kategorie is rente en paaiemente van langtermynskuld en dividenduitbetalings aan aandeelhouders.

2.5.2.4 Surpluskontantinvestering

Deur kontant doelmatig te bestuur, kan die finansiële bestuurder die dag tot dag kontantbehoefte in die normale verloop van die onderneming tot die minimum beperk. Dit verhoog die bedrag van beskikbare fondse om geïnvesteer te kan word óf dit verlaag die behoefte van addisionele kapitaalbehoefte. Die finansiële bestuurder funksioneer effektief wanneer surplusfondse in produktiewe bedryfsbates geïnvesteer word (Harrington, 1993:111).

Volgens Chandra (1992:242) is daar twee aspekte wat in ag geneem moet word by 'n maatskappy se korttermyn geldvloei:

- om 'n hoë vlak van likiditeit te handhaaf met minimum risiko
- om addisionele inkomste te genereer deur surplusfondse te investeer of om uitstaande lenings te verminder

Daarom is die goue reël dat fondse in vinnig-verhandelbare effekte geïnvesteer moet word. Effekte is lenings wat deur openbare owerhede aangegaan word, wat ná 'n aantal jare op 'n spesifieke datum terugbetaal word. Die rentekoers is vas en rente word twee maal elke jaar op spesifieke datums betaal. Effekte kan enige tyd tydens die leeftyd van die effekte verkoop of gekoop word (Laurie, 1994:39). Onderhewig aan bogenoemde, is dat die rente wat oor die verwagte periode verdien word, hoër moet wees om te kompenseer vir transaksie- en ongeriefkoste.

In tye van lae rentekoerse en ekonomiese stabiliteit, is kontant nie noodwendig 'n produktiewe bate nie. In hierdie tye moet die bestuur verseker dat daar soveel as moontlik surpluskontant geïnvesteer word in die maatskappy se produk/diens.

In die tagtigerjare is geleenthede om kontant in geld- en kapitaalmarkte te investeer, deur bestuurders begin benut. Baie maatskappye se finansiële transaksie-opbrengste het beter as sy operasionele verkope presteer. In sekere gevalle het finansiële winste vir operasionele verliese gekompenseer (Chandra, 1992:242).


Die benutting van bogenoemde geleenthede is baie gunstig in tye van bo-normale inflasiekoerse.

2.5.3 Debiteurebestuur

2.5.3.1 Inleiding

Volgens Jones (1992:265) kan krediet vandag as een van die sterkste kragte in die ekonomie beskou word. Die onderneming wat nie op krediet verkoop nie, sal verseker laer verkope realiseer as die onderneming wat op krediet verkoop.

Figuur 2.2 Debiteurebestuur



Die omvang van debiteure word bepaal deur die hoeveelheid kredietverkope en die tyd wat dit neem om debiteure in te vorder (Chandra, 1992:248).

Debiteure word geklassifiseer as een van die onderneming se mees likiede bates, maar die verwagte inkomste word omgeskakel in kontantbewyse wanneer kliënte betaal.

2.5.3.2 Faktore wat die omvang van debiteure beïnvloed

- *Ekonomiese toestande en sikliese veranderinge*

Kredietverkope word deur heersende ekonomiese toestande en bepaalde sikliese veranderinge beïnvloed (Ferreira, 1987:10). Gedurende die afplatting en resessieperiodes van die konjunktuur, neem die hoeveelheid insolvensies gewoonlik ook skerp toe (Flink en Grunewald, 1969:159). Volgens Badenhorst (1986:76) daal verkope van 'n onderneming gedurende ekonomiese resessie gewoonlik en om verkope deur middel van kredietverkope te stimuleer, verhoog die risiko aan slegte skulde. So 'n benadering deur 'n bate onderneming om verkope te stimuleer, kan likiditeitsselfmoord beteken.

- *Mededinging*

Die omvang van kredietverkope word ook deur mededinging beïnvloed. Gitman (1976:191) beweer dat ondernemings in dieselfde bedryfstak normaalweg dieselfde beleid ten opsigte van kredietverkope volg. Met die toetrede tot 'n sekere bedryfstak, behoort die groeiende onderneming rekening te hou met die feit dat krediet in die spesifieke bedryfstak toegestaan word. Daar moet vroegtydig voorsiening gemaak word vir moontlike likiditeitsprobleme wat weens 'n tekort aan fondse kan ontstaan.

- *Debiteur-investering*

'n Vraag wat die groeiende onderneming moet beantwoord, is of die investering in debiteure nie moontlik elders meer doeltreffend in die onderneming aangewend kan word nie.

- *Kredietvoorwaardes*

'n Maatskappy se kredietvoorwaardes verwys na krediettermyne, afslagkoerse en afslagperiodes. Die krediettermyn is die periode wat ontstaan tussen die datum waarop die faktuur verskaf is vir aankope en die datum waarop die betaling ontvang is. Die

afslagkoers verwys na die effek van 'n prysverlaging, ten gunste van die kliënt, indien die kliënt binne die afslagperiode sy rekening vereffen (Peirson, 1995:779).

- *Debiteure-invorderingsbeleid*

Die debiteure-invorderingsbeleid van 'n maatskappy is 'n balans tussen die koste van invordering; die voordele van laer oninbare skuld en 'n korter invorderingsperiode. Die resultaat is 'n verlaging in die investering van debiteure-invorderings (Peirson, 1995:780).

Debiteure moet net soos enige ander bate gefinansier word. Volgens Keown *et al.* (1994:532) kan geld in debiteure geïnvesteer word solank die waarde van die onderneming toeneem of minstens konstant bly. Indien dit nie die geval is nie, moet die bestuur die investering in debiteure heroorweeg.

2.5.3.3 Debiteure-invorderingsbestuur

Volgens Brigham & Capenski (1994:788) is die optimale kredietbeleid dié een wat die onderneming se netto kontantvloei oor 'n tyd maksimaliseer met inagneming van die risiko daaraan verbonde.

Die bestuur van debiteure-invorderings bepaal of krediet verleen gaan word al dan nie.

Debiteure = Maandelikse kredietverkope X lengte van invorderingsperiode

$$\text{Debiteure-invorderingstermyn} = \frac{\text{Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{360}{1} \text{ (dae)}$$

(Garrison & Noreen, 1994:851)

Harrington (1993:112) voel baie sterk oor debiteure-invorderings deur te sê dat indien goedere of dienste verkoop is op 'n 30 dae-termyn, die bestuur alles in sy vermoë moet doen om te verseker dat betaling binne 30 dae ontvang word. Enige verlenging van hierdie periode impliseer 'n rentevrye lening deur die onderneming aan die kliënt.

2.5.4 Krediteurebestuur

2.5.4.1 Inleiding

’n Belangrike karaktereienskap van handelskrediet (krediteurefinansiering) is die feit dat dit geredelik beskikbaar is. Wanneer ’n maatskappy sy kredietaankope verhoog, verhoog sy krediteure outomaties. As ’n maatskappy se krediteure verhoog, verlaag dit weer die bedrag van korttermyn krediet wat elders bekom moet word. Die verkryging van handelskrediet is beperk tot die maksimum limiet wat ’n verskaffer sy kliënt toelaat (Peirson, 1994:196).

2.5.4.2 Krediteurebetalingstermyn

Die krediteurebetalingstermyn is die periode wat dit neem vanaf die aankoopdatum (faktuurdatum) tot wanneer die betaling plaasvind.

Krediteurebetalingstermyn word met die volgende formule bereken:

$$\text{Aantal dae} = \frac{\text{Krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{360}{1} \text{ (dae)}$$

Higgins (1998:45) noem dat die formule vir die berekening van die krediteurebetalingstermyn, word kredietaankope gebruik maar dat die werklike kredietaankope vir ’n buitestander onbekend is. Die koste van verkope verskil van kredietaankope, omdat ander nie-kredietuitgawes soos lone, salarisse en depresiasie by koste van verkope ingesluit is.

2.5.4.3 Onderhandeling met krediteure

Silver (1994 : 82) noem dat ’n maatskappy met verskillende verskaffers van dieselfde produk moet onderhandel vir intydse afleverings, laer pryse en langer betalingsperiodes.

2.5.5 Voorraad

Volgens Gallinger (1991:452) is die finansiële bestuurder verantwoordelik vir die finansiële beveiliging van die maatskappy se bates asook om te verseker dat dit behoorlik bestuur word. Hierdie verantwoordelikheid geld ook vir die bestuur van voorraad.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie aangaande sekere aspekte van bedryfsbatebestuur gedoen.

Daar is aangetoon dat kontantbestuur die slagaar van bedryfsbatebestuur is. Kontantbestuur kan egter nie geïsoleerd hanteer word nie, omdat dit interafhanklik is van ander bedryfsbates en laste byvoorbeeld debiteure en krediteure. Daar is verwys na die belangrikheid van debiteurebestuur asook na investeringsmoontlikhede van surplus-kontant.

HOOFSTUK 3

LITERATUURSTUDIE EN ONTLEDING VAN BRONDOKUMENTE

3.1 INLEIDING

Sedert die ontstaan van *Envirogreen* in Augustus 1993, is die belangrikste finansiële maatstaf die bestuur van kontant. In die eerste 30 maande van die maatskappy se geskiedenis was die enigste vorm van finansiële resultate, die finansiële jaarstate soos opgestel deur die maatskappy-ouditeure. Die dag-tot-dag finansiële besluite is geneem uit 'n kontant-in-die-bank-oogpunt. Kontant was en is vandag nog essensieel om die maatskappy se groei te finansier.

3.2 BESTUUR VAN 'N VINNIG-GROEIENDE MAATSKAPPY

3.2.1 Inleiding

Die verandering wat 'n kleiner/jonger onderneming dikwels in die gesig staar, is die transisie van entrepreneuriese bestuur na professionele bestuur.

3.2.2 Entrepreneuriese bestuur

'n Entrepreneuriese bestuurstyl word tipies gebruik wanneer 'n onderneming ontstaan. Enkele kenmerke van sodanige bestuursbenadering is:

- *Gesentraliseerde besluitneming*

Die algemene bestuurder (stigter) neem normaalweg al die besluite wat nodig is om die onderneming te bestuur. Die besigheid is klein en eenvoudig genoeg dat een persoon alle inligting tot sy beskikking het om besluite te neem.

- *Informele beheer*

Kenmerkend van entrepreneuriese ondernemings is dat dit baie informeel is. Formele prosedures, sisteme en strukture is onnodig, omdat die entrepreneur persoonlik betrokke is by elke aktiwiteit en dit ook monitor.

3.2.3 Professionele bestuur

Professionele bestuur het die volgende kenmerke:

- *Delegering van die besluitnemingsverantwoordelikheid*

Groter ondernemings is heelwat meer kompleks wat beteken dat 'n individu nie al die besluite kan neem om die besigheid te bestuur nie. Daarom moet die algemene bestuurder hierdie verantwoordelikheid na ander bestuurders en ander vlakke van bestuur delegeer.

- *Gebruik van formele stelsels*

Die delegering van verantwoordelikheid skep die behoefte vir formele stelsels en sisteme. Hierdie stelsels stel normaalweg doelwitte, evalueer prestasie en beloon prestasie.

3.2.4 Verskuiwing na professionele bestuur

Sodra 'n professionele bestuursbenadering suksesvol geïmplimenteer is, het dit tot gevolg dat alle aktiwiteite van 'n groter onderneming gekoördineer is. Dit voorkom ook inherente probleme van laissez faire of 'n outokratiese bestuurs-benadering. Stappe wat vereis word om die verskuiwing moontlik te maak, is:

- *Erkenning van die behoefte om te verander*

Dit is dikwels die moeilikste stap om te neem. Gereelde krisisse bevestig dikwels die behoefte om te verander.

- *Ontwikkeling van menslike hulpbronne*

Om 'n mededingende bestuurspan te ontwikkel, moet die entrepreneur persoonlike lojaliteite, wat 'n bedreiging vir die besigheid kan wees, oorkom. Die algemene vorm van ontwikkeling van menslike hulpbronne is om bestuur talent aan te stel. Interne ontwikkeling van bestaande personeel is 'n ander moontlikheid, maar dit neem dikwels baie tyd en energie van die entrepreneur in beslag.

- *Delegering van verantwoordelikheid*

Dit impliseer dat verantwoordelikheid gedelegeer word aan personeel wat na aan kliente, verskaffers en mededingers is. Delegering laat die entrepreneur steeds toe om deel van die besluitnemingsproses te wees. Die voordeel van die entrepreneur se ondervinding raak nie in die proses verlore nie.

- *Ontwikkeling van formele beheermaatreëls*

Die fokus van beheer verskuif van gedrag na uitset. Ondernemings wat beleid pasmaak vir eie behoeftes en omstandighede, verseker dat dit sin maak vir alle betrokke partye (Harvard Business School, 1989).

3.2.5 Bestuur van groei

Higgins (1998:143) maak die volgende opmerkings oor maatskappye wat 'n groeifase beleef:

- Vinnige groei moet nie net as 'n seën beskou word nie. Sonder deeglike finansiële beplanning, kan maatskappye hulle letterlik bankrot groei.
- Die volhoubare groeikoers van 'n maatskappy, is die maksimum koers waarteen dit kan groei sonder om die finansiële hulpbronne uit te put.
- Indien 'n maatskappy se werklike groeikoers die volhoubare groeikoers tydelik oorskry, kan die kontanttekort moontlik geleen word.
- Wanneer die werklike groeikoers die volhoubare groeikoers vir 'n langer termyn oorskry, moet die bestuur 'n spesifieke finansiële strategie opstel. Hierdie strategie sal van die volgende komponente insluit: uitreik van nuwe aandele, vermindering

van dividende, verhoging van pryse of die vind 'n sakevennoot wat genoeg kapitaal beskikbaar het.

- In 'n situasie waar die werklike groeikoers laer is as die volhoubare groeikoers, is dit vir die bestuur 'n uitdaging om die kontantvloei op 'n produktiewe manier aan te wend. Geleenthede wat benut kan word sluit in: verhoging van dividenduitbetalings, vermindering van skuld vermeerdering van bates of koop 'n ander maatskappy vir sy groeipotensiaal.

3.3 GROEI VAN ENVIROGREEN

Vir die doel van die studie, word maatskappygroei gemeet in terme van groei in verkope, netto wins (na belasting) en menslike hulpbronne.

3.3.1 Groei in verkope van Envirogreen het soos volg plaasgevind (kwantitatiewe groei):

Tabel 3.1: Groei in verkope

<u>Tydperk</u>	<u>Groei (R)</u>	<u>Groei %</u>
1993/94 - 1994/95	R 388 577	112%
1994/95 - 1995/96	R 1 769 933	240%
1995/96 - 1996/97	R 5 460 786	218%
1996/97 - 1997/98	R 5 483 980	69%

Bron: (Finansiële jaarstate 1994 – 1998)

3.3.2 Groei in netto wins (na belasting) het soos volg plaasgevind (kwalitatiewe groei):

Tabel 3.2: Groei in netto wins

<u>Tydperk</u>	<u>Groei (R)</u>	<u>Groei %</u>
1993/94 - 1994/95	R 28 357	2 929%
1994/95 - 1995/96	R 221 189	754%
1995/96 - 1996/97	R 578 542	232%
1996/97 - 1997/98	R 146 927	18%

Bron: (Finansiële jaarstate 1994 - 1998)

3.2.3 Groei in menslike hulpbronne

Tabel 3.3: Groei in permanente personeel

<u>Jaar</u>	<u>Aantal</u>
1994	2
1995	4
1996	11
1997	15
1998	24

(Van der Nest, 1998)

Uit bogenoemde kan gesien word dat die netto inkomste in die beginjare van die maatskappygeskiedenis teen 'n hoër tempo gegroei het as die verkope. Die groei neem egter oor die laaste twee jaar af, omdat baie bate-aankope gefinansier word uit beskikbare fondse. Sover die Ontvanger van Inkomste dit toelaat, word bates op die kortste ekonomiese lewensduur afgeskryf (Envirogreen. 1998. Annual report. Potchefstroom).

Slegs voertuie (bakkies) word op huurkoop gefinansier met die afbetalingsperiode wat wissel tussen 36 en 42 maande (Envirogreen. 1998. Annual report. Potchefstroom).

Die maatskappy beskou vaste bates as 'n sekondêre hulpmiddel/verdiener van inkomste en mannekrag as 'n primêre verdiener van inkomste. Daar word geweldig baie energie en geld geïnvesteer in personeelontwikkeling. Ten minste een keer per maand is 'n opleidingsnaweek geskeduleer in "Karakter en Vaardigheidsontwikkeling". Personeel word ook binne- en buitelands blootgestel aan opleidingsgeleenthede wat tot maatskappyvoordeel aangewend kan word.

In 1998 is daar in samewerking met die PU vir CHO 'n bestuurskursus, wat oor een jaar sal strek, ontwikkel. Van die top dosente van die *Skool vir Ondernemingsbestuur*, tree as kursusleiers op. Die beleid van **Envirogreen** is om die effek van so 'n investering, in dieselfde finansiële jaar op die verlaagde netto wins weerspieël. Aankope van masjinerie en toerusting, is kapitaal van aard en word 'n termyn afgeskryf (Envirogreen. 1998. Annual report. Potchefstroom).

3.4 DEBITEUREBESTUUR

3.4.1 Inleiding

Namate die maatskappy 'n huishoudelike naam onder korporatiewe instansies, met ekologies-versteurde terreine geword het, word kontrakwerk op krediet aan onder andere die grootste mynhuise (as kliënte) gedoen. Dit het tot gevolg dat 'n groot gedeelte van die maatskappy se verdienste (kontant) opgesluit lê in debiteure.

3.4.2 Die groei-in-debiteure oor die maatskappy se leeftyd, word in tabel 3.4 aangetoon:

Tabel 3.4: Groei in debiteure

<u>Tydperk</u>	<u>Groei (R)</u>	<u>Groei %</u>
1993/94 - 1994/95	R 21 121	61%
1994/95 - 1995/96	R 916 661	1639%
1995/96 - 1996/97	R 750 559	77%
1996/97 - 1997/98	R 759 644	44%

Bron: (Finansiële jaarstate 1994 - 1998)

Die 1639% groei in debiteure in die tydperk van 1994/95 tot 1995/96, is 'n direkte gevolg van die 240% groei in verkope (Tabel 3.1) en die toename in debiteure-invorderingstermyn (Tabel 3.5.) In die daaropvolgende periode was die afname in debiteure-invorderingstermyn (Tabel 3.5) verantwoordelik vir die 77% groei in debiteure.

3.4.3 Debiteure-invorderings

In die bedryf van ***Envirogreen*** waar wetgewing op mynhuise afgedwing word om ekologiese rehabilitasie te doen, is dit ondenkbaar dat inkomste gegenereer sou kan word sonder kredietverlening. Baie kliënte moet nog 'n paradigmaterskuiwing doen jeens rehabilitasie. Alhoewel ***Envirogreen*** hom onderskei het as 'n maatskappy wat 'n wetenskaplik-gefundeerde benadering volg, en bekend staan as 'n maatskappy wat volhoubare oplossings bied, moet in gedagte gehou word dat die kliënt (Gencor, Anglo America, Goldfields, JCI ens.) net betaal vir 'n produk wat hulle sien. Retensie wat teruggehou word, wissel tussen 5% en 20% van faktuurbedrae. Oor 'n tyd het dit 'n wesenlike effek op debiteure (retensiedebiteure in 1998 = 20%). Retensiedebiteure word vir die doel van debiteure-invorderingstermyn buite rekening gelaat.

Envirogreen bedien hoofsaaklik korporatiewe kliënte wat die risiko tot slegte skulde tot die minimum beperk. Met die uitsondering van enkele tegniese probleme, is hierdie kliënte ook hoofsaaklik goeie betalers. Waar ***Envirogreen*** egter as

subkontraakteur optree, lei dit dikwels tot langer invorderingstermyne, omdat die kontraakteur die subkontraakteur eers betaal nadat hy betaling ontvang het.

Die geskiedenis van *Envirogreen* se debiteure-invorderingstermyn is nie baie goed nie, maar sedert Desember 1997 is dit een van die finansiële afdeling se doelwitte om dit af te bring tot die ideaal van minder as 45 dae.

3.4.4 Formule berekening van debiteure-invorderingstermyn:

$$\text{Dae} = \frac{\text{Debiteure}}{\text{Verkope}} \times \frac{360}{1} \text{ (dae)}$$

(Jones, 1992:275)

Suid-Afrikaanse literatuur (Reynders *et al*, 1987:123) maak van dieselfde formule gebruik om die debiteure-invorderingstermyn (dae) te bereken. Geen literatuur wat geraadpleeg is, het voorsiening gemaak vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) nie. Die gevolg is dat BTW, wat ingesluit is by die debiteure-syfer vir 'n onderneming se balansstaat, buite rekening gelaat moet word om "appels met appels" te vergelyk. Dit het 'n wesenlike effek op die aantal dae van uitstaande debiteure.

3.4.5 Ter illustrasie vir die doel van hierdie studie is die berekening van die debiteure-invorderingstermyn gedoen met BTW in- en uitgesluit

Tabel 3.5: Debiteure-invorderingstermyn

<u>Tydperk</u>	<u>Dae</u> BTW uitgesluit	<u>Dae</u> BTW ingesluit
1993/94	32	36
1994/95	24	27
1995/96	123	140
1996/97	68	78
1997/98	58	66

Bron: (Finansiële jaarstate 1994 - 1998)

Envirogreen het dit ten doel om die debiteure-invorderingstermyn minder as 46 dae te kry (Van der Nest, 1998). Om dit te behaal, moet *Envirogreen* se personeel verhoudings bou met die verskillende rolspelers by die kliënt, weet hoe die kliënt se stelsels werk en die kliënt deurlopend inlig van verskuldigde bedrae. Indien die formule in 3.3.4 as berekeningsbasis gebruik word, met die invorderingstermyn op 45 dae en debiteure as die onbekende, sou *Envirogreen* se banksaldo tot R801 458 vermeerder het as die werklike invorderingstermyn 45 dae was.

3.5 DIVIDENDE

3.5.1 Dividendbeleid

Die maatskappy het besluit op 'n vaste dividendbeleid van 33,33%. Die 67,67% behoue-inkomste wat in die maatskappy gelaat word, is voldoende om groei te finansier. Peirson (1995:276) wys daarop dat maatskappye se investeringsbeleid die dividendbeleid beïnvloed. Hoër investering is nodig om meer inkomste te genereer. 'n Te hoë dividenduitbetaling het 'n negatiewe impak op groei in verkope.

3.6 KONTANTBEGROTING

Die kontantbegroting van *Envirogreen* is in die vorm van die kontantvloeistaat (AARP) met inkomstestaat en balansstaat as bronne van inligting. Vier veranderlikes het 'n invloed op die kontantvloeibegroting, naamlik:

- Debiteure-invorderingstermyn
- Krediteure-betalingstermyn
- Verkope
- Koste van verkope

(Van der Nest, 1998)

